SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2018

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

*XBUSTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord SLEGS EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| **A** | **Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20 minute** |
| | | | | |
| **B** | **DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **2** | **40** | **35 minute** |
| | | **3** | **40** | **35 minute** |
| | | **4** | **40** | **35 minute** |
| | | | | |
| **C** | **TWEE opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord SLEGS EEN.)** | **5** | **40** | **30 minute** |
| | | **6** | **40** | **30 minute** |
| | | | | |
| | **TOTAAL** | | **150** | **120 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 E.

1.1.1 ŉ Besigheid het volle beheer oor …

A visie.
B klante.
C inflasie.
D tegnologie.

1.1.2 Watter EEN van die volgende kan as ŉ openbare sektor besigheid geklassifiseer word?

A Sishen Ysterertsmyn
B Woolworths
C Dube-Dube SA meubelvervaardiger
D Eskom

1.1.3 … beteken om iets te doen waarvan die uitkoms onseker is.

A Piramideskema
B Dobbelary
C Geldwassery
D Roofkopiëring

1.1.4 Dit is die taak van die … om die beste werkers te werf en te keur.

A Menslike hulpbronfunksie
B Produksiefunksie
C Openbare betrekkinge funksie
D Aankopefunksie

1.1.5 Die ... verseker dat taktiese besluite uitgevoer word.

A laervlakbestuur
B topvlakbestuur
C middelvlakbestuur
D laer- en topvlakbestuur (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Burgerlugvaartowerheid; vaste kapitaal; Nasionale Kredietwet; bedryfskapitaal; inklusiwiteit; Nasionale Verbruikersbeskermingswet; kapitaal; vaste kapitaal; wins; diskriminasie; Suid-Afrikaanse Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde |

1.2.1 Die ... is ŉ onafhanklike instelling wat deur die bemarkings-kommunikasie-owerheid betaal word om advertensies in publieke belang te reguleer.

1.2.2 … is die geld wat gegenereer word om ŉ besigheid te begin.

1.2.3 Die doel van … is om die ontwikkeling van ŉ kredietmark, wat vir alle Suid-Afrikaners toeganklik is, te bevorder.

1.2.4 Die gedeelte van die totale kapitaal wat in nie-bedryfsbates soos voertuie, toerusting en grond en geboue belê word.

1.2.5 Om aan almal gelyke geleenthede te gee. (5 x 2) (10)

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat ŉ die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Debiteure | A | Die koste om geld te leen |
| 1.3.2 | Verskaffers | B | Verantwoordelik vir die insameling berging en verspreiding van besigheidsinligting |
| 1.3.3 | Rente | C | Al die geld wat ŉ besigheid aan krediteure skuld |
| 1.3.4 | Lyn-organisatoriese struktuur | D | ŉ Persoon wat ŉ besigheid geld skuld |
| 1.3.5 | Administrasiefunksie | E | Die prys wat ons vir buitelandse geldeenhede betaal |
| | | F | Verantwoordelik vir die verspreiding en verkoop van die besigheid se produkte aan verbruikers |
| | | G | Besighede wat goedere en dienste in ruil vir geld aanbied |
| | | H | Ondergeskikte werknemers rapporteer slegs aan een hoof |
| | | I | Verantwoordelik vir die produksie van goedere en dienste |
| | | J | Werknemers rapporteer aan hulle funksionele bestuurder |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae van die drie vrae in AFDELING B. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER komponente van die mikro-omgewing. (4)

2.2 Identifiseer die komponente van die markomgewing wat in elkeen van die volgende stellings hieronder verteenwoordig word:

2.2.1 Mense of ander besighede wat die produkte en dienste van ŉ besigheid koop om hulle behoeftes te bevredig

2.2.2 Mense of besighede wat ŉ belangrike rol speel om goedere vanwaar dit geproduseer word, na verbruikers regoor die land te versprei

2.2.3 ŉ Supermark vind uit dat ŉ soortgelyke kruideniersware-winkel in hulle omgewing oopgemaak het (6)

2.3 Verduidelik die redes waarom die markomgewing ŉ uitdaging vir ŉ besigheid kan wees. (8)

2.4 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Zipho besit ŉ groot industriële vensterskoonmaakmaatskappy. Hy koop sy masjiene in die VSA. Hy sal slegs in staat wees om een masjien te koop, omdat die waarde van die Suid-Afrikaanse geldeenheid baie verminder het.

2.4.1 Identifiseer die ekonomiese faktor van die makro-omgewing wat ŉ direkte invloed op Zipho se besigheid kan hê. (2)

2.4.2 Beskryf in breë trekke enige TWEE ander komponente van die makro-omgewing. (8)

2.4.3 Verduidelik die mate van beheer oor die omgewing wat in VRAAG 2.4.2 genoem word. (2)

2.5 Verduidelik kortliks die verwantskap tussen die mikro- (interne), mark- en makro-omgewings. (10)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER metodes wat 'n besigheid kan gebruik om die openbare betrekkinge funksie te ondersteun. (4)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BALOYI MEUBELWINKEL (BMW)**

Baloyi is 'n besturende direkteur van 'n baie suksesvolle meubelwinkel met takke regoor die land. Om 'n besturende direkteur te wees, is harde werk; daarom het hy vier hoofde in verskillende departemente aangestel. Die verskillende departemente is menslike hulpbronne, finansies, aankope en administrasie.

3.2.1 Haal TWEE vlakke van bestuur wat in die scenario ter sprake is, aan. (2)

3.2.2 Identifiseer die tipe bestuursvlakke aangehaal in VRAAG 3.2.1. (2)

**LET WEL:** Teken die onderstaande tabel in jou ANTWOORDE-BOEK om jou antwoord aan te bied.

| 3.2.1 | Aanhaling | 3.2.2 | Vlakke van bestuur |
|---|---|---|---|
| | | | |

3.2.3 Bespreek die rol en verantwoordelikheid van die bestuursvlakke in VRAAG 3.2.2 genoem. (8)

3.3 Beskryf in breë trekke die faktore wat die organisatoriese struktuur beïnvloed. (6)

3.4 Identifiseer die bronne van finansiering wat op elkeen van die volgende situasies van toepassing is:

3.4.1 Die besigheid reël met die bank om meer geld te onttrek as wat die besigheid in die bankrekening beskikbaar het

3.4.2 Die lenings moet oor 'n vaste tydperk wat nie langer as vyf jaar mag wees nie, terugbetaal word (4)

3.5 Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering.* (6)

3.6 Regverdig die instelling van die Nasionale Verbruikersbeskermingswet. (8)

**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Die eienaars van Tree Fruit Plantasie het besluit om hulle besigheid uit te brei. deur ŉ suiwelvervaardigingsonderneming, genaamd Xavier Suiwelprodukte, daarby in te sluit. Hulle gebruik hulle eie voertuie om melk en vrugte te vervoer. Hulle het ŉ plaaslike tak van Zubatec bank genader om hulle uitbreiding te finansier. Die eienaars het ook besluit om die versekeringsmaatskappy Metrocick te vra om hulle werknemers oor versekering in te lig. |

Identifiseer die TWEE sakesektore wat in die scenario genoem word.
Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (4)

4.2 Onderskei tussen *bestuur* en *leierskap*. (8)

4.3 Regverdig die belangrikheid van die openbare sektor. (8)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.4 Noem die VIER basiese take van algemene bestuur. (4)

4.5 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Besighede besef die belangrikheid van kwaliteitsbestuur om klante se tevredenheid te handhaaf en om die vervangingskoste van stukkende produkte te verminder. Klante wil kwaliteitgoedere koop wat vir ŉ lang tydperk sal hou. |

4.5.1 Definieer die betekenis van *kwaliteit*. (4)

4.5.2 Bespreek die voordele van kwaliteitbeheer. (6)

4.6 Verduidelik die aktiwiteite van die aankopefunksie. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (HEDENDAAGSE SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES)

| |
|---|
| Jy is reeds daarvan bewus dat ŉ besigheidsonderneming nie in isolasie bestaan nie. Suid-Afrikaanse besighede het met ŉ unieke stel sosio-ekonomiese uitdagings te doen wat ŉ impak op besigheidsbedrywighede het. |

Ondersteun bostaande stelling en skryf ŉ opstel wat die volgende aspekte insluit:

- Definieer die betekenis van *sosio-ekonomiese kwessie*.
- Beskryf die volgende sosio-ekonomiese kwessies.
  - MIV/Vigs
  - Roofkopiëring
  - Stakings
  - Armoede
- Bespreek die impak van elkeen van hierdie kwessies op besighede.
- Maak voorstelle oor die belangrikheid van inklusiwiteit in die werkplek. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (BESIGHEIDSFUNKSIES)

| |
|---|
| Vivo Supermark het sekere besigheids- en bestuursfunksies wat deur die bestuurders van die verskillende departemente in die organisasie uitgevoer word. Mnr. Zizi, die algemene bestuurder, het die volgende stelling gemaak: 'Die gehalte van prestasies binne hierdie besigheidsfunksies kan tot die sukses van die organisasie bydra'. |

Gee Vivo Supermark advies oor die volgende aspekte.

- Onderskei tussen *gehalteprestasie* en *gehaltebestuur*.
- Bespreek gehalte in verhouding tot die volgende besigheidsfunksies:
  - Finansies
  - Administrasie
  - Algemene bestuur
  - Menslike hulpbronne
- Brei uit oor die verband tussen bestuur en die sukses van die besigheid.
- Regverdig die belangrikheid van gehalte om die beeld van die besigheid te bevorder. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou